# DISSIPLINÊRE RIGLYNE

## DOELWIT VAN DIE DISSIPLINÊRE RIGLYNE

Die hoofdoelwit van hierdie dissiplinêre riglyne is om 'n ordelike skool milieu te skep, waarbinne sinvolle opvoeding kan plaasvind en waarin elke leerling optimaal baat kan vind by die onderwys van die skool, met die volgende ondersteunende doelwitte:

1. *Die beleid wil goeie dissipline verseker en 'n omgewing van rustigheid skep waarin elke leerling tot selfdissipline en verantwoordelikheid geroep kan word.*
2. *Die beleid wil die kansvatter en ongedissiplineerde leerling roep tot verantwoordelikheid.*
3. *Daar moet gedurig gestreef word om die negatiewe karaktertrekke by leerlinge af te keur en positiewe eienskappe aan te moedig en die leerlinge te verseker van liefde en respek.*
4. *Die beleid poog ook om 'n historisiteit beeld van elke leerling daar te stel, hetsy positief of negatief na die leerling se aard.*
5. *Die beleid erken die leerling se reg op dissipline en om aangehoor te word.*
6. *Die beleid verwag van elke leerling om altyd te doen wat behoorlik is as bewys van sy vordering op die opvoedings pad wat met hom/haar geloop word.*
7. *Die beleid wil ook die leerling wat ernstige gedragsafwykings openbaar en ander leerlinge negatief beïnvloed, identifiseer, vermaan en begelei ten einde sy/haar gedrag te verbeter. Indien sy/haar gedrag nie verbeter nie, kan so 'n leerling geïsoleer (skorsing) word ten einde sy/haar invloed te minimaliseer op ander leerlinge.*

## OPVOEDKUNDIGE BENADERING

1. *Die skool se dissiplinêre beleid sal te alle tye in 'n gees van goedgesindheid, liefde en ondersteuning toegepas word. Dit impliseer die volgende:*
2. *Leerlinge sal met die nodige sensitiwiteit en begrip aan die toepassing van reëls en regulasies onderwerp word.*
3. *Simpatieke gesag leiding sal te alle tye met die leerling geskied, want die leerling het die reg om aangehoor te word.*
4. *Erkenning van die kind se waardigheid en eiesoortige aard van die spesifieke lewensfase waarbinne die kind hom/haar bevind, sal deurgaans prioriteit geniet.*
5. *Skorsing moet slegs oorweeg word nadat alle pogings aangewend is om die gedrag van die leerling te verbeter.*

## STRAFSTELSEL

Die doel van die stelsel is enersyds om negatiewe gedragspatrone by leerling/e te ontmoedig of te voorkom maar andersyds ook om hulle toe te rus met die nodige kennis en geestelike volwassenheid.

1. *Oortredinge word volgens 'n puntestelsel deur die vakonderwyser aangeteken. Die graad leier bestuur dan die hele graad se punte.*

2. *Ouers word telefonies of skriftelik in kennis gestel (waarskuwing) indien 'n leerling 15 punte het.*
3. *Indien 'n leerling 25 punte het, sit hy/sy straf klas.*
    a. *Elke straf klas sitting word as 'n waarskuwing vir moontlike verdere optrede deur die dissipline komitee gesien.*
4. *By 'n derde sitting verskyn die leerder saam met hulle ouers voor 'n dissiplinêre verhoor, bestaande uit sy/haar onderwysers, lede van die skoolbestuur en die voorsitter van die Interne Dissiplinêre Komitee. Tydens hierdie verhoor ontvang 'n leerling 'n skriftelike waarskuwing.*
5. *By 'n vierde aanmelding vir straf klas, of by verdere oortredings ná die ontvangs van 'n skriftelike waarskuwing, stel die kind hom/haar bloot om geskors te word.*
6. *Alle leerlinge word volgens dieselfde puntestelsel bepunt.*
7. *'n Leerling kan onmiddellik 'n skriftelike waarskuwing en onmiddellike detensie ontvang vir ernstige oortredings.*

## OORTREDINGS WAT TOT 'N DISSIPLINÊRE VERHOOR EN 'N SKORSING MAG LEI

1. *Gedrag wat die regte van ander skend en leer ontwrig.*
2. *Gedrag wat ander se veiligheid in gevaar stel.*
3. *Besit, dreigement of gebruik van 'n gevaarlike wapen.*
4. *Die besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van ongemagtigde middels of pornografie.*
5. *Gevegte, aanranding en mishandeling.*
6. *Immorele gedrag en godslastering.*
7. *Skadelike graffiti, haat taal, seksisme en rassisme.*
8. *Diefstal en of die besit van gesteelde eiendom.*
9. *Onwettige optrede, vandalisme en of die vernietiging of ontsiering van skooleiendom.*
10. *Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders en of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is.*
11. *Herhaaldelike oortreding van die klas- en skoolrëels.*
12. *Kriminele en onderdrukkende gedrag.*
13. *Verontregting, afknouery en intimidering van leerders.*
14. *Oortreding van toets- en eksamen reëls.*
15. *Die bewustelike en opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdige voordeel by die skool te verkry.*
16. *Seksuele wangedrag.*
17. *Enige ander ernstige oortreding nie hierbo genoem wat volgens die oordeel van die hoof die regte van enige persoon volgens die grondwet van Suid-Afrika skaad of wat die skool ontwrig.*